2006 Voorsitter se verslag

Bron: SABT Raad
Datum: 17 Februarie 2007

Dit is 'n groot voorreg om namens die SABT-raad aan lede en ander belangstellendes oor die jaar 2006 verslag te doen.

Soos gebruiklik word hierdie verslag ingelei met 'n laaste eer aan geliefde lede wat ons gedurende die jaar ontval het. Ons bring graag laaste eer aan Abri Pio, senior keurder, Raadslid en eienaar van Piona Boerboele; Christo Dörfling van die Oos-Kaap; en Blits Nel van Nelspruit. Ons is dankbaar vir hulle enorme bydrae tot die vestiging en verbetering van die geliefde Boerboel - 'n erfenis wat ons altyd bybly.

Ons wens ook die Vereniging se borg mnr Hannes van Jaarsveld, eienaar en Besturende Direkteur van Montego Classic, geluk met sy aanwysing as Business Partners se Nasionale Entrepreneur van die Jaar 2006.

Hierdie verslagjaar is gekenmerk deur 'n afname in die aantal honde wat geregistreer is, nl 824 teenoor 1012 in 2005. Geboorteregistrasies het gestyg van 1816 tot 2069. Die aantal volopbetaalde lede het ook 'n afname getoon, hoofsaaklik agv verbeterde rekordhouding met die implementering van Pastell rekenkundige sagteware. 'Spook lede' het die organisasie baie geld gekos en die ouditeur sal meer breedvoerig hieroor verslag doen.

In die 2005-verslag het ek klem gelê op die strategie met ondersteunende planne om gestalte te gee aan ons visie. Die implementering van verskillende komitees het in die verslagjaar tot sy volle reg gekom en die verskillende komitees hanteer nou alle sake wat op hulle van toepassing is.

Die Uitvoerende Komitee hanteer steeds die meer komplekse en beleidsaangeleenthede en doen aan die Raad. verslag. Alle beleidsbesluite en -veranderinge word deursigtig en op 'n kollektiewe basis geneem en word steeds deur die hele Raad bekragtig.

Ek hoop en vertrou dat hierdie deursigtige en kollektiewe proses nooit weer deur een of twee individue afgewater sal word om persoonlike agendas te dien nie.

Die hoogtepunte van 2006 wat na my mening vermeld behoort te word is:

- Goedkeuring van die nuwe Grondwet.
- Die aanstelling van Raadslede vir onderskeidelik die VSA en Europa.
- Suksesvolle implementering van die komiteestelsel.
- Verbeterde finansiële rekordhouding en finansiële posisie van die Vereniging.
- Die aanstelling van 'n eksterne ouditeur en die eerste onafhanklike ouditverslag.
- Voortdurende verbetering en hersiening van die rasstandaard en keursisteem.
- Voortgesette en uitgebreide borgskap van Montego Classic vir 2007 om ook die Nasionale skou 'n werklikheid te maak.

Sake wat in die verslagjaar nie na wense gevorder het nie, is:

- Prestasietoetsing.
- Vaginale hiperplasie-navorsing.
- Verbeterde dienslewering aan lede.
- Instandhouding van die SABT-webblad.

Daar was ook ’n paar ongelukkige voorvalle wat ongekende tyd van sekere lede van die Uitvoerende Komitee in beslag geneem het om te bestuur. Ek neem die vrymoedigheid om hierdie sake onder u aandag te bring.

- Die aflegging van beide die kantoordames na ’n lang en deursigtige dissiplinêre proses.
- Die dissiplinêre verhoor van twee lede wat tot die skorsing van een lid gelei het.
- Twee senior keurders en een keurder wat hulle status as keurders verloor het.
- Samesprekings met die HBSA en EBBASA wat skipbreuk gelei het en opgeskort is.
- Verskeie bytvoorvalle deur Boerboele met gepaardgaande publisiteit in die nasionale media.

As ek na die toekoms - en meer spesifiek 2007 - kyk, dink ek die nuwe Raad het besondere uitdagings wat daadwerklik aangespreek moet word, onder andere:

- Verbeterde dienslewering aan lede tov spoed en akkuraatheid.
- Voortdurende verbetering van beheer- en kontrolestelsels.
- Verbeterde en konstante optredes deur alle keurders.
- Volledige implementering van Pastell-sagteware.
- Die uitdra van ’n positiewe beeld deur middel van Boerboelskoue.
- Implementering van ’n verbeterde stelsel wat gedragsevaluering insluit om minder fokus op die verwerfde punt van honde te plaas.

Ten slotte bedank ek alle lede en betrokkenes vir hulle ononderbroke steun en belangstelling in hierdie wonderlike ras. Onthou dit is u as lid se organisasie en dit sal bly voortbestaan agv u en die Boerboel.

Die afgelope jaar was nie maklik nie en ek wil in besonder die Raad bedank vir hulle voortgesette steun, veral in die moeilike tye. Julle ondersteuning word waardeer en dankie dat julle ook verdraagsaam teenoor my was.

Ek bedank ook graag erelede wat deur die jaar deurlopend betrokke was. Dankie ook aan die kantoorpersoneel wat onder baie moeilike omstandighede die wa saam met ons deur die drif probeer trek het.

’n Baie spesiale woord van dank aan die Uitvoerende Komitee en spesifiek aan Brink Botha, wat bereid was om ten spyte van moeilike persoonlike omstandighede vir my in te staan.

Die resultate spreek vanself – die organisasie is kerngesond.

Ek wens die nuwe Raad alle voorspoed toe met die enorme taak wat op hulle skouers rus.

Dit is laastens my wens dat die veredeling en verbetering van die Boerboel in die toekoms die enigste fokus van die SABT sal word en dat mense hulself en persoonlike agendas ondergeskik sal stel aan hierdie groot strewe.

Dit was ’n groot voorreg om die SABT, die lede en die ras te dien. Geniet julle Boele – teel hulle passievol!

Met nederige dank.

Johan van Wyk